**22 Maart** **Skrifgedeelte: Eksodus 17:1-7 (1953-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Eksodus 17:6**

## Verkwik jou elke dag met sy lewende waters

Nog ’n onverwagse terugslag tref jou en jy besef: Nog is dit nie die einde nie! Hoe lank gaan die teëspoed aanhou? Vol hoop loop God se volk met dun sandaaltjies die eerste kilometers na die beloofde land, maar dan stuit hulle voor die Skelfsee en God red hulle. Skaars gered, kry hulle die skok van die bitter waters van Mara en God is die Een wat hulle die soetigheid van Elim gee. Nou is dit weer Rafidim – geen water nie!

Met die staf as simbool van God se teenwoordigheid in sy hande, stel God Moses in staat om aan die volk water te gee. Kyk, dit is die Here wat voorsien! (Vergelyk die gebeure in Num. 20:1-13.) Moenie van jou pelgrimspad op aarde ’n paradyspad wil maak nie. Begin elke dag nuut deur eers te kom staan by die Rots, Jesus Christus, wat voor ons op ons pad oopgebreek is. ’n Veilige pad is nie ’n pad sonder probleme nie, maar ’n pad saam met die Here deur ons probleme.

*Sing: Psalm 23:1* *Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*